

Nico van  
Gijsen



## Raad met jou rande

**‘W**il jy nie vir ons iets skryf oor lewenspolisse nie?” vra ’n leser nou die dag.

Die versoek kom van een van die baie lesers wat aan my geskryf het ná my rubriek op Sondag 13 Februarie, “Uittreë-annuïteite: kyk uit vir dié koste”, oor die versteekte koste in sekere tipes uittreë-annuïteite.

### Kom ons kyk nou na lewenspolisse

’n Senior hoofbestuurder by ’n groot versekeraar waar ek jare gelede my finansiële ervaring opgedoen het, het eendag grappenderwys vir my gesê: “Liewer ’n verkeerde polis as geen polis.” Oor die jare, soos wat my eie ontwikkeling in die finansiële dienstesektor momentum gekry het, het die woorde kort-kort by my opgekom.

Gereelde lesers sal weet hoe ek voel oor die verkoopsmotief wat baie keer finansiële raad dryf. Ons sit ongelukkig in ’n produkgedrewe finansiële dienstebedryf, waar “finansiële raad” danksy die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste (Wet 37 van 2002), onlosmaaklik gekoppel is aan die verkoop van ’n produk.

So gesien, is die aanhaling hierbo, na my mening, ’n etiese verleentheid vir ons almal in die bedryf.

Maar as daar een tipe polis is wat ek meen “liewer die verkeerde een as geen”-etiket kan dra, is dit ’n lewenspolis. Ons kan almal doen met ’n lewenspolis.

Ek wil nog die naasbestaande sien wat nadat die trane van verdriet afgevee is, gaan huil oor ’n kontant-meevaller uit ’n lewenspolis. Los die een maar daar.

### Hoekom ’n lewenspolis?

Jy het ’n geldwaarde. Of jy nou die broodwinner is, of net ’n bykomende inkomste inbring, of selfs net die een is wat die huishouding aan die gang hou terwyl die broodwinner die brood verdien. Die polis verseker die inkomste as die persoon sterf.



Lees tog kontrak en pasop vir goedkoop premies

# Lewenspolisse: Wat jy moet verstaan

Jy kan dalk, afhangend van wat jy glo, in ’n saliger plek wees, maar jou finansiële verpligtinge gaan nêrens. As jy omgee vir jou naasbestaandes, sal jy vir hulle voorsiening maak vir wanneer jy nie meer daar is nie. So eenvoudig is dit.

Terloops, jy gaan nie “dalk eendag iets oorkom” soos ek soms mense hoor praat nie. Jy gaan dood. Vir seker. Vandag, môre, of anderdag. Jy weet net nie wanneer nie. Daarom versekering vir as jy wil seker wees.

### Hoeveel is genoeg?

’n Kundige finansiële beplanner kan vir jou die somme maak. Maar kortliks, dit moet kan voorsien vir lewensonderhoud vir jou naasbestaandes. Sluit gerus kinders se skool- en studiekoste in.

Maak seker daar is genoeg om alle skuld te dek. Kyk ook na uitstaande belastinge. Ook belastinge by jou dood, soos kapitaalwins- en boedelbelasting. Onthou ook die eksekuteurstarief, sterfbedkoste, ensovoorts, by dood. En die aanwas-eis as jy so getroud is.

Die berekeninge word gedoen as deel van ’n omvattende boedelbeplanning wat ek altyd as eerste stap sal aanbeveel.

### Hou die polis lewenslank

Ja, ek weet, dis tog per definisie ’n lewenspolis. Maar sommige mense kom

veral in hul later jare agter dat hulle nou nie meer soveel dekking nodig het nie. Die finansiële verpligtinge is grootliks dan al nagekom. En dan wil hulle die polis kanselleer.

Moenie. Jy het al die jare geld daarin “belê”. Hoekom dit weggooi? Hoekom nie ’n kind, of enigeen anders, vra om die premies oor te neem nie? Dis seker die goedkoopste belegging wat enigeen kan maak. En die sekerste, want, rêrig, dood gaan jy dood.

Maar daar is nog ’n rede. Jy kan sieklik raak in jou laaste dae. Wat ek sien, is dat liefdevolle familieledes alles in hul vermoë doen om iemand wat sterwend is, se lewe oor die laaste dae en maande so gemaklik moontlik te maak. En om behandelings, vir kanker byvoorbeeld, waarvoor mediese skemas nie betaal nie, te probeer.

Dit kos geld. Ek het ook al gesien hoedat die laaste sent in die gesamentlike neseier hierop uitgegee is en dan gaan die persoon dood en die wat agterbly sit met niks. Dis ’n liefdestaak met ’n hartverseurende finansiële gevolg.

As jy by die regte versekeraar verseker is, sal die polis uitbetaal sodra daar bevestiging is dat die siekte terminaal is.

En so verhoed dit dat jy die laaste beskikbare geld saam met jou die graf in neem.

### Kyk na die koste van ’n lewenspolis

Pasop vir goedkoop premies. Versekerars se risiko op lewens is baie dieselfde. Hoekom is sommige polisse dan goedkoper?

Hulle het baie keer meer haakplekke voor hulle sal uitbetaal. Lees die kontrak. Kyk wat word uitgesluit. ’n Algemene reël: hoe makliker dit is om versekering te kry, hoe meer twak gaan jou geliefdes hê wanneer die polis moet uitbetaal.

Kyk na die termyn waarvoor die premie gewaarborg is. Met die Covid-19-pandemie het ons gesien dat die eise-ervaring van versekeraars drasties verander het en hoe hulle toe die premie-waARBORG klousules in werking gestel het.

Dink ook mooi voor jy ’n stygende premie aanvaar. So 5% per jaar vir mense in hul middel- en later jare, is ek gemaklik mee, anders liewer nie.

Van die polisse wat ek al gesien het, styg jaarliks met inflasie sommer 10%.

Wees verseker, jy kan nie volhou daarmee nie. En dan het jy jou geld gemors.

■ Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of [nico@finlac.com](mailto:nico@finlac.com); Twitter: @Nicovangijsen